

Wat wou die duiwel met sy drietal versoekinge bereik?

Ná sy doop en salwing word Jesus met die oog op sy verdere “skoling” deur die Gees vir veertig dae in die woestyn afgesonder. Daarna word die duiwel toegelaat om Hom in sy verswakte toestand aan ‘n geweldige toets te onderwerp. Die vraag is: Wat wou die duiwel met hierdie drietal versoekinge bereik?

In kort kan ons sê dat hy probeer het om Jesus ‘n ander soort Messias te laat wees as wat die Skrifte aangekondig het. In plaas van in selfverloëning op God se eer en die verlossing van sondaars gerig te wees, moes Jesus op Homsélf fokus. Hy moes ‘n Messias wees wat aan die verwagtinge van die Jode voldoen het. ‘n Messias met hemelse kragte en aardse ideale wat die volk van sy politieke vyande kon verlos. Die duiwel heg geen waarde aan God se eer nie; en hy voel niks vir die verlossing van sondaars nie. Daarom moes hy probeer om Jesus langs ‘n moeitelose, pynlose kortpad skadeloos by die kruis verby te rangeer. Dan sou Hy as God se Messias misluk en jy sou reddeloos in die ewige dood agterbly.

Anders as Adam wat onder ideale omstandighede voor die duiwel se aanslag geswig het, bly Christus staande onder die ongunstigste omstandighede denkbaar.

Dit val op dat Jesus nie een keer met Satan argumenteer nie. Hy weer sy aanslae telkens af deur eenvoudig uit die Bybel aan te haal: “Daar staan geskrywe!”

Is jy seker dat jy die Bybel goed genoeg ken om die duiwel effektief daaruit te antwoord? Wees dankbaar dat Jesus Christus deur sy volmaakte, selfverloënde gehoorsaamheid as Oorwinnaar uit die stryd getree het en daardeur ook vir jou ‘n bres geslaan het in die linies van die hel. Weet dit dat jy deur jou verbondenheid aan Jesus Christus volmaak toegerus is om meer as ‘n oorwinnaar te wees in al jou konfrontasies met die duiwel!

Sing: Psalm 91:1,6

Ds JJ Cloete (Koster)